Jaarverslag vanaf CPM

(2018)

Geagte Kerkraad,

GK Heidelberg

2018 Dankbaarheid en groei

> ***"Ek wil graag Crossroads bedank vir hierdie onderrig wat ons ontvang. Vandag weet ek hoe om te bid en uitdagings aan te pak."***
>
> \- Student (CPM-SA)

Met dankbaarheid aan ons Hemelse Vader getuig ons van ongelooflike groei en seën oor die afgelope maande van 2018. God is getrou en Hy voorsien aan sy kinders ooreenkomstig Sy wil.

In hierdie afgelope jaar is 2 ekstra assistente in hoofkantoor aangestel vir 'n spesifieke tydperk om Anja de Wind te help met die administrasie. Vanaf Februarie tot September het 17 nuwe mentors opleiding ontvang. Daar is ook twee afsonderlike kommissies in die lewe geroep: 'n Beleidskommissie en 'n Fondsinsameling-kommissie

Sedert Februarie 2018 groei die studentegetalle maandeliks met meer as 50 inskrywings. Die grootste bedieningspunt is tans Atteridgeville met 130 aktiewe studente. Die sendingwerkers besoek altesaam 14 tronke per week. Daar is talle gevangenisse wat ons deur die pos bedien, waarvan Kutama Sinthumule in Louis Trichardt die grootste is met 95 aktiewe studente.

In September het ons die nuus ontvang dat ons by Leeuwkop Maksimum in Johannesburg ook die Woord mag verkondig – daar is reeds 68 belangstellende studente! Ons kan ook met dankbaarheid die nuus oordra dat ons in November goedkeuring deur die Departement Korrektiewe Dienste ontvang het om Crossroads aan te bied in die gevangenisse wat onder die Wes-Kaap se bestuur is.

Registrasie as OWO

Crossroads het in Maart 2018 aansoek by SARS gedoen vir belastingvrystelling. In November het ons amptelik goedkeuring ontvang waarna ons nou Artikel *18A* Sertifikate

vir donateurs kan uitreik. Dié sertifikate sal belastingvrye skenkings kan moontlik maak. Die volgende stap is om te registreer NPO by die Departement Volkswelsyn.

Uitdagings en behoeftes

Saam met die groei is daar ook vele uitdagings wat oor ons pad kom:

- Ons wil graag 'n databasis ontwikkel wat die administrasie sal verbeter en die werk wat met die hand verrig word verminder.
- Daar is toenemende druk op die sendingwerkers wat weekliks die tronke besoek.
- Saam met die volgehoue groei wat plaasvind, is dit nie meer moontlik vir die GK Kandelaar om die kostes alleen te dra nie. Die fondsinsameling-kommissie wat vanjaar in die lewe geroep is, ondersoek nuwe maniere fondse te bekom.

Bankbesonderhede:

Crossroads

Standard Bank 282821260

Tak: 01-4845

Bekendstellings en bewusmaking

Oor die afgelope maande is talle gemeentes deur CPM genader om te help en opleiding is by verskeie gemeentes aangebied.

- Januarie 2018: Voorstelling deur br Arie vd Kruk by die GK Nasionale Sinode
- 4 Maart 2018: GK Klerksdorp
- 17 Junie 2018: St. Marks Presbiteriaanse kerk (In Waverley)
- 21 Oktober 2018: GK Centurion

"Me and two fellow students work at Spiritual Care, handing out Bibles to offenders in need. Our other brothers who assist us with teaching are all CPM-registered students. Your efforts and ours combined are not in vain, we serve the Kingdom together. Brothers and sisters at CPM, we are the working force of God in Pretoria Central Men. All glory and honour to God Almighty! Pass this on to others as this is a testimony, a picture of who we are and what we do and who you equip weekly to stay focused and walk the walk in here. Love and peace to you all in Jesus.

- Teuns (CPM SA – student)

Br Arie van der Kruk, kon op 5 Mei 2018 deelneem aan 'n praatjie by die GK Annlin en op 8 Junie 2018 by die GK Vaalpark. Die GK Kandelaar het op 2 September 2018 'n Sending-Sondag aangebied waar daar ook blootstelling was vir CPM.

Statistieke

Statistics 2018												
	Jan-18	Feb-18	Mar-18	Apr-18	May-18	Jun-18	Jul-18	Aug-18	Sep-18	Oct-18	Nov-18	Dec-18
Students (active)	700	677	669	799	740	779	791	839	743	763	786	739
Students (inactive)	491	520	579	588	499	412	393	510	503	518	517	483
Students (total)	1191	1197	1248	1387	1239	1191	1184	1349	1246	1281	1303	1222
Mentors Headoffice (active)	221	229	216	217	221	222	221	140	146	132	132	132
Mentors Satellite Campusses (active)								72	73	74	75	75
Mentors Headoffice (inactive)	107	118	161	162	166	167	168	131	131	136	136	136
Mentors Satellite Campusses (inactive)								55	55	55	55	55
Mentors (Total Active)	221	229	216	217	221	222	221	212	219	206	207	207
Lessons marked	436	363	229	383	339	444	437	528	438	550	304	316
Average pw.	109	90,75	45,8	95,75	84,75	111	109,25	132	109,5	137,5	76	79
Employee hours		217,25	160,25	266,25	307,42	318,58	327,42	287,5	448,75	499,16	461,92	156,42
Volunteer hours	64,90	108,05	75,55	46,6	50,4	58,19	62,15	106	52.5	69,45	61,1	7,5
Bibles Sent	34	20	21	48	62	35	51	46	55	58	35	45
Certificates sent	10	10	4	27	17	12	18	43	30	6	43	35
Amount of facilities	36	36	36	36	36	36	36	36	36	36	36	36

Terugvoer vanaf Sendingwerkers

- Marlien van Heerden – Pretoria Sentraal (Vroue)

> ***" As die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou. "***
>
> - Ps. 127: 1a

Hierdie jaar het ek bietjie spoed verloor met my bediening in die tronk. Baie dinge het gebeur sodat mens begin voel het '*what's the use*'. Die druk het ook baie geword met vrygelatenes. Mens het later nie meer kans gesien vir al die ekstra verantwoordelikhede rondom dit nie. Daarom is dit so besonders hoe die Here my ook weer opnuut opgeroep en bemoedig het vir die werk. Ons bou nie aan 'n sigbare tempel nie, maar aan Sy Koninkryk. Dan is dit met groot dankbaarheid dat ek kan terugkyk op hierdie jaar en besef hoe baie dit vir my eie geestelike groei beteken om in te gaan.

Daar is rondom 30 ingeskrewe studente en tussen 3-12 vroue wat na die boodskap kom luister op Donderdae. Baie ander kom net gou groet en lesse afgee. Heelwat van die vroue is besig met ander studies, sodat hulle nie gereeld lesse inhandig nie. Dit sou dus vir hulle makliker wees om oor die vakansie lesse te voltooi wanneer hulle nie klas het in ander vakke nie, wat natuurlik nie vir ons moontlik is om te akkommodeer nie, omdat ons nie mag ingaan oor Desember vakansie nie. Dis dan wanneer die gevangenis oorvol is, dis warm en gemoedere is swaar, almal wil by hul families wees. Hulle word as gevolg van verlof vir die wagte vir groot dele van die dag toegesluit in die oorvol selle.

Die mediese versorging van die vroue is baie swak. Hulle kry nie die nodige medikasie nie, tande word nie gestop nie, dit word gewoonlik net getrek. Wanneer jy hospitaal toe moet gaan is dit met kettings om die enkels en arms, jy word aan die bed vasgesluit in die hospitaal. Die vroue wat vrygelaat is kry dikwels nie werk nie, hulle ervaar geweldige spanning met familielede en die samelewing wat veroordeel en openlik vermy.

- Clara Waagmeester – Leeuwkop

Leeuwkop DCS huisves 4 gevangenisse, Maksimum, Medium A, B en C. Toe Crossroads in Mei 2017 by Leeuwkop aansoek doen vir toegang vir 'n geestelike versorger was daar 14 studente wat lesse deur die pos gevolg het. Tans, in November 2018 is daar net meer as 200 name op ons registers. Elke groep het omtrent al die tale, meestal swart en kleurling en soms blanke studente, ook uit ons buurlande. Omdat struktuur belangrik is behandel ek die boek Jakobus in al vier tronke. Dit het al meer kere gebeur dat ons een of twee byeenkomste 'n vraag of knelpunt behandel wat hulle voorlê. Byv. oor vergewing of oor huweliksontrou.

Maar hulle weet van dag 1 af dat die Here die Sentrale Persoon en punt van ons byeenkomste is, dat ek sy instrument mag wees en dat ek daar is vir hulle. Ek moedig hulle elke keer aan om met vrae en opmerkings te kom en my te stop as dit moeilik te begrype is. Intussen het ons so 'n band opgebou dat hulle dit vrymoedig doen. En hulle kom met 'n wye verskeidenheid vrae. Hulle weet ook goed dat ons daar is vir Crossroads en dat die Bybel ons en my rigsnoer is en dat ek nie daarvan afwyk nie. Soms probeer hulle dit wel laat gebeur, maar dan is ek gewoon liefdevol – ferm en dit is baie interessant om dan te sien hoe van die ander studente die vraagsteller amper 'dissiplineer' ("*you don't talk like that to Mama Clara*" of "*you can't treat her like that*").

Natuurlik het geestelike werkers net soos elke werkende mens 'afdae', veral as in die afgelope week of op die vorige dag dinge nie vlot verloop het nie. Maar die werk word ryk geseën, in die gevangenis, in die lewens van studente en in my eie lewe. Die dankbare gevoel om besig te wees op God se akker is moeilik om te beskryf.

Bedanking

Graag wil ons u en die gemeente van harte bedank vir u samewerking op die sendingveld. Ons dank en loof die Here dat hy dit moontlik maak dat ons so saam mag help in die uitdra van die Blye Boodskap.

Dra asb ons dank oor aan die mentors / nasieners wat so getrou die gevangenes ondersteun.

Ons dink aan u in ons gebede en mag ons saam altyd tot Sy eer besig wees in die geloof.

Soli Deo Gloria.

Die Crossroads span